

MEIJNDERT VAN EYK (EIJCK:EIJK)

GENEALOGIE

Opsomming van navorsing gedoen na die VAN EYK stamvader

Karel van Eyk
Mei 2014

1. INHOUDSOPGAWE

2. FOTO OPGAWE 3
3. VOORWOORD 4
4. NOMERING 7
5. VERNOEMINGS GEBRUIKE 12
6. FAMILIEWAPENS 13
7. BRONNE EN HULPMIDDELS 14
8. ARTIKELS 17
9. FAMILIE STAMBOOM PER GESLAG 19
9.1. INLEIDING 19
9.2. STAMBOOM 1: MEIJNDERT VAN EYK 20
9.3. STAMBOOM 2: DANIEL WILHELM HENDRIK PHILIP VAN EYK 25
9.4. STAMBOOM 3: MYNDERT JACOB VAN EYK 27
9.5. STAMBOOM 4: DANIEL WILHELM VAN EYK 32
9.6. STAMBOOM 5: DANIEL WILHELM VAN EYK 36
9.7. STAMBOOM 6: DANIEL WILHELM VAN EYK 41
9.8. STAMBOOM 7: DANIEL WILHELM VAN EYK 48
9.9. STAMBOOM 8: EUGENE VAN EYK 53
9.10. STAMBOOM 9: DEON VAN EYK 56
9.11. STAMBOOM 10: JOHANNES CHRISTOFFEL VAN EYK 58
9.12. STAMBOOM 11: FRANCOIS WILHELM VAN EYK 63
9.13. STAMBOOM 12: LOUIS VAN EYK 64
9.14. STAMBOOM 13: ELZA CATHARINA KAPP [VAN EYK] 66
9.15. STAMBOOM 14: KAREL VAN EYK EN JOHANNA DORETHEA WILHELMINA VAN EYK [MILLARD] 68
9.16. STAMBOOM 15: RIAAN VAN EYK 71
9.17. STAMBOOM 16: ISABELLA VAN EYK 74
9.18. STAMBOOM 17: SEBASTIAN KAREL VAN EYK 75
9.19. STAMBOOM 18: KAREL VAN EYK EN ELLEN VAN EYK [BENDER] 77
9.20. STAMBOOM 17: FREDERICK WILHELM VAN EYK 80
9.21. STAMBOOM 20: JOHANNES HENDRIK STOEDER VAN EYK 82
9.22. STAMBOOM 21: DANIEL JOHANNES VAN EYK 85
9.23. LOUISE FRANCIS MAGDALENA ENGELBRECHT [VAN EYK] 86
9.24. RUTH MARIAN STAFFORD [VAN EYK] 87
9.25. CYNTHIA PEARL OOSTHUISEN [VAN EYK] 88
10. NOTAS 89

2. FOTO OPGAWE

Foto 1 - Daniel Wilhelm van Eyk en Johanna Hendrina Carolina van Eyk (Stoeder). Graf afgeneem in Humansdorp begraafplaas....35

Foto 2 - Daniel Wilhelm van Eyk en Susanna Mostert Landman, en in alle waarskynlikheid Susanna se suster, Johanna Petronella Mey Scholtz [Landman]. NG Kerk Humansdorp, 7 November 1933....46

Foto 3 - Uittreksel: huweliksregister....46

Foto 4 - Grafsteen Daniel Wilhelm van Eyk en Susanna Mostert van Eyk. Begraafplaas Forest Hill, Port Elizabeth, Oos Kaap....47

Foto 5 - Elza, Danie, Karel, Hannes. Begrafnis van Ma. Port Elizabeth, 1987....47

Foto 6 - Daniel Wilhelm, Susanna Mostert, Daniel Wilhelm van Eyk jnr, Elise, Ernst Frederik, Mary Ann Susan Wepener. Voor: Anna en Mariana Wepener en Wynand Landman. Danie & Elise se troue 21 Junie 1958....50

Foto 7 - Elise en Danie....51

Foto 8 - Danie en Elise en Vanguard motor. 31 Kent weg, Port Elizabeth. Alemein Court in die agtergrond....52

Foto 9 - Eugene van Eyk. Oubaai Gholfbaan, circa 2005....55

Foto 10 - Ina, Deon, Elise, Eugene, Danie van Eyk. Elise se 50ste verjaarsdag, circa 1987....57

Foto 11 - Johannes Christoffel van Eyk en Martha Magaretha van Zyl en vriend. NG Kerk Kameeldrif, Pretoria, 21 Desember 1968....61

Foto 12 - Hannes, Mari, Louis en vriendin. Hannes 75ste verjaarsdag, Mei 2013....62

Foto 13 – Pa Louis, Francois Jnr en Megan Van Eyk....65

Foto 14 - Andre, Elza, Linda, Nico Kapp. Somerset Wes, circa 2011....67

Foto 15 - Karel, Riaan, Joan, Chris. Riaan se troue. Pretoria, 24 Julie 2010....70

Foto 16 - Riaan van Eyk en Claudia Cawalla. Troue. Pretoria, 24 Julie 2010....73

Foto 17 - Pa teken register, Riaan, Claudia en ma Molly. Huwelik, 24 Julie 2010....73

Foto 18 - Oupa Karel en pa Riaan. Doop Isabella. NG Kerk Mielieland, Vereeniging, 15 Januarie 2012....74

Foto 19 - Ouma Molly, oupa Karel, pa Riaan, ma Claudia, Sebastian, Isabella en Nicholas. Doop Sebastian. NG Kerk Mielieland, Vereeniging, 13 Oktober 2013....75

Foto 20 - Oumas Joan en Molly....76

Foto 21 - Susanna en Karel van Eyk, Ellen, Queenie en Fred Bender. Huwelik, 27 November 1976....79

Foto 22 - Karel, Ellen en Freddie. Helderkruin, Kersfees 2011....80

Foto 23 - Oupa en Ouma Bender met niggies Carin, Selma, Louise en Ané. Oos Londer, circa 1982....81

Foto 24 - Johannes Hendrik Stoeder van Eyk en Magdalena Jacoba en waarskynlik seun Danie, circa 1940....84

3. VOORWOORD

13 September 2013

Rondom die jaar 2010 het my belangstelling in GENEALOGIE[1] pos gevat.
Die sneller wat aanleiding gegee het daartoe was navrae by familie aangaande my pa se ouers - wie was my oupa en ouma Van Eyk? Daar was geen ou foto's van oupa of ouma in die familie se besit nie. Ek kan my nie daaraan herinner dat die familie ooit van hulle gepraat het nie. Die enigste brokkie nuus wat ek wel kon bekom , was dat hulle tydens hul huwelik op Humansdorp gewoon het. Op 'n kol het ek begin glo daar was 'n vrot appel of twee in die van Eyk voorsate, en daarom die gebrek aan inligting, en toe word die hele ou spulletjie onder die mat gevee. Later sou ek wel uitvind dat dit nie die geval blyk te wees nie. Meer hieroor later.
My eerste beskeie doelwit was dus net om na te vors wie my oupa en ouma van Eyk was.
My eerste deurbraak was 'n navorsingsgids wat ek op Google raak geloop het. Saamgestel deur 'n Suid Afrikaner, Daniel Jacobs: Handleiding vir Familienavorsing, Oktober 2010. Die handleiding bevat inligting en riglyne rakende die navorsing van Suid Afrikaanse families, en dek alle denkbare navorsingsbron vanaf geboorte, doop, huwelik en sterfte, en alles wat daarmee saam gaan.
Gou het ek agter gekom dat die vroeë geskiedenis van Suid Afrika goed opgeteken is, en dat dokumente wat dateer vanaf die sewentiende eeu in die Kaapstadse Staatsargiewe gehuisves word. Uit die aard van die saak, speel die Kaapse argiewe 'n groot rol in die dokumentering van ons geskiedenis. Boonop het ons voorvaders hulle hoofsaaklik in die Kaap Provinsie gevestig en was my navorsing hoofsaaklik gerig op die inligting wat in die Kaapse argiewe gevind kon word. Vandag is dit egter moontlik om deur middel van die internet, op die Argiefdiens se rekenaardatabasis, die indekse na te gaan. So kan jy dan vasstel of 'n dokument, bv. 'n sterfkennis of boedelrekening vir 'n sekere persoon bestaan. Dit is egter nodig om selfs na die betrokke argief te gaan om die oorspronklike dokument te sien. 'n Besoek aan die argief is nogal 'n belewenis. Opwindend as die beampte jou voorsien van leërs, spannend as jy daardeur blaai en dan verligting as jy 'n dokument opspoor wat jou 'n stappie nader bring aan die ontrafeling van jou voorsate. Nou besef jy ook dat jy 'n dokument vashou wat soms tot 200 jaar oud kan wees, wat deur bloedfamilie van jou saamgestel en geteken is, en wat die begin van 'n legkaart vorm wat 'n storie van jou familie geskiedenis vertel. Ek sal later meer vertel omtrent die argiewe en hul fasiliteite. Vandag is daar Staatsargiewe in meeste van die provinsies waar die navorser sy navorsing kan doen.
So het ek dan met die hulp van die internet 'n paar sterfkennisse geïdentifiseer, wat my moontlik kon help om my oupa en ouma van Eyk op te spoor. Met die inligting het ek afgesit Kaapse Argiewe toe.
My eerste deurbraak was 'n sterftesertifikaat van Catharina Salomina van Eyk wat ek besigtig het. Die persoon wat na haar afsterwe teenwoordig was en haar inligting bevestig het, het homself as volg aangemeld:
"Informant D W van Eyk; Teenwoordig by oorlye; Kentweg 31, Port Elizabeth Geteken 9 Junie 1941"
Die feit dat D W van Eyk (my pa se voorletters) die dokument geteken het was nie genoeg bewys dat die sterftesertifikaat die van ons ouma van Eyk was nie. Die adres wat aangegee was, was wel deurslaggewend aangesien dit ons ouerhuis was. Ek kon toe met redelike sekerheid se dat die sterftesertifikaat aan ouma van Eyk geb. Stoeder, behoort het. Sien Aanhangsel H vir sterftesertifikaat.
Dit was een van baie hoogtepunte tydens my navorsing en ek kon daardie aand rustig gaan slaap.
Hierna het ek oupa van Eyk se sterfkennis opgespoor waarin ons pa en sy broer as sy kinders aangedui word. Sien Aanhangsel E
Met die vroeë sukses en die navorsingsgogga wat my gebyt het, het ek my doelwitte verskuif en besluit om die patriargale stamlyn na te vors tot by ons stamvader.
Dit was dan ook die begin van 'n verdere wipplank reis van nagenoeg vyf jaar, en baie ure se navorsing, om my volgende doelwit te bereik wat ek gestel het.

[1] Genealogie - die studie van 'n persoon se voorgeslagte en die samestelling van geskikte metodes om verwantskappe aan te dui, soos 'n stamboom. Dit sluit ook in die studie van 'n persoon se nageslag.

Intussen het ek geleer hoe om kerkrekords: doop- en huweliksrekords, na te vors, en met die hulp van die Suid Afrikaanse Geslagsregister (SAG) boekereeks en die Church of Jesus Christ of Latter Day Saints, (LDS) Family History Centre het ek inligting bymekaar gemaak wat my gehelp het om ons stamlyn saam te stel. Meer oor bogenoemde soekbronne later.

Hierdie navorsing is 'n poging om die huidige geslag en ons nasate vertroud te maak met een van die stamlyne van dié van Eyk familie. Ons stamvader het drie seuns gehad. Derhalwe sou daar drie stamlyne wees waarvan ek dan die een gekies het wat ontplooi het tot ons huidige geslag. Dit is heel aanvaarbaar om net een stamlyn na te vors: Die navorser bepaal gewoonlik vooraf die omvang en dekking wat sy navorsing sal behels. Daar is dus nog vele meer van Eyks as die stamlyn wat ek nagevors het.

Om terug te keer na my openings vraag: Wie is my oupa en ouma van Eyk? Ek dink 'n verklaring vir die gebrek aan enige inligting rakende oupa en ouma van Eyk lê moontlik daarin dat ons oupa reeds in 1926 gesterf het. My pa was toe 23 en my ma net 14 jaar oud. My ma het hom heel waarskynlik nie geken nie. Ons ouma is wel in 1941 oorlede, maar selfs toe was ons oudste broer 8 jaar oud en sou seker nie veel van haar onthou het nie. Selfs ook nie veel gesien het nie aangesien ouma in Humansdorp gewoon het, en ons in Port Elizabeth.

Wanneer daar na ons pa verwys word, verwys ek na my geslag broers en susters se pa. Wanneer daar na ons oupa of ouma verwys word, verwys ek na ons geslag broers, susters, neefs en niggies se oupa en ouma.

Ek sal enige navrae of opbouende kommentaar/kritiek verwelkom.
Dit was 'n baie opbeurende ondervinding en ek het baie geleer van die ontstaan en ontwikkeling van hierdie mooi land en sy mense. Ek kan die navorsingsreis aan beveel as jy tyd en geduld het, lief is vir die geskiedenis en 'n tikkie nuuskierig is. Dankie aan die Hemelse Vader vir sy leiding, insig en wysheid. Ook aan al die familie en vriende vir jul samewerking en belangstelling. 'n Spesiale dank aan Fred vir sy hulp met die samevatting en uitleg van hierdie dokument. Aan die outeurs en hul bronne, is ek ook baie dank verskuldig.
Onlangs het ek 'n Stoeder afstammeling raakgeloop en ons het bevind dat sy oupagrootjie en my ouma Stoeder, broer en suster was. Dankie Kobus vir die dokumente en inligting wat jy voorsien het.
Karel van Eyk
Julie 2014
Karel@vaneyk.co.za
Sel 0832836414
Faks 0865527487

PS Sterfkennis (Death Notice) is 'n dokument wat in die Argiewe bewaar word en toon 'n persoon se sterfdatum en sterfplek aan. Die verdere nut van so 'n dokument vir die navorser, is die inligting wat dit bevat: volle name van sy/haar ouers, sy vrou en sy kinders. Jy het derhalwe onmiddellik drie geslagte se name.
Sterftesertifikaat verwys na die informasie na 'n sterfgeval: persoon se datum- en rede van afsterwe en word deur 'n familiegetuie en die dokter of geneesheer geteken.

------- -------- --------- --------


Hierdie dokument is beskikbaar op 'n webwerf: http://familytree.vaneyk.co.za.
Die aanhangsels verskyn as individuele dokumente wat jy kan oopmaak, op die webwerf.
Jy het 'n geheime kode nodig om die webwerf oop te maak, wat ek aan julle sal voorsien. Of jy kan my vra vir die kode deur 'n SMS aan my te stuur by 083 283 6414.
Daar verskyn ook 'n vraelys rondom jou persoonlike besonderhede, op die webwerf. Stuur vir my die voltooide vraelys terug en ek sal die besonderhede in die rekenaarprogram invoeg. Om die sien hoe dit sal verskyn in hierdie dokument; gaan na Stamboom 6, op bls. 42 en 43. Ek vra ook dat jy enige afgestorwe familielid wat in hierdie dokument verskyn en aan jou bekend is, se besonderhede en foto's vir my aanstuur. Van foto's gepraat. Ek soek nog FAMILIEFOTOS.

Net nog ’n interessante brokkie inligting.
Ek was altyd onder die indruk dat die vestiging van die Hollanders, Die Franse Hugenote, die Duitsers en ander aan die Kaap, was so half uniek aan Suid Afrika. Min het ek geweet dat die uittogte van bogenoemde families regoor die wêreld plaas gevind het. Gevolglik sal jy vanne soos Landman, Meyer, Slabbert, Rossouw, Marais, noem hulle maar op, regoor die wêreld vind: en dit was nie emigrante van Suid Afrika nie. Hulle het vanaf Europa geemigreer.
Ek het onlangs die onderstaande naamgenoot in New Zeeland opgespoor. Dit sal interessant wees om sy herkoms na te vors. Ja, ’n Maori Karel van Eyk.

Studio 2001 Maori Hair Stylist
Karel Van Eyk
Ph +64 9 404 0425
Tai Tokerau Maori and Cultural Tourism Association
Postal: 103 Cookson Road R D 2 · Kawakawa · Bay of Islands · Northland · New Zealand

So het ek ook ’n webwerf raakgeloop wat tans die van Eyk verspreiding regoor die wereld aantoon waarin meeste van dié van Eyks woon.

http://www.namespedia.com/details/Eyk
Names Encyclopedia - statistics, meaning, distribution, famous people, etc.
Usage: 42% firstname, 58% surname.
Eyk first name was found 113 times in 7 different countries.
Surname **Eyk** is used at least 150 times in at least 11 countries.



Die opname toon dat die van EYK ten minste 150 keer in 11 verskillende lande voorkom. VSA is nogal die dig bevolkte EYK familie, dan volg Holland en Suid Afrika verskyn sewende op die lys. Ons kan selfs Rusland toer en aanklop by ’n paar van Eyk families!

4. NOMERING

Een of ander stelsel van nommering is noodsaaklik om verskillende persone met dieselfde voorname te onderskei en om die verwantskap tussen familielede aan te dui.

Die stelsel wat deur CC de Villiers in sy 'Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien" gebruik is, word deur die meeste Suid-Afrikaanse genealoë gebruik en is ook die stelsel wat deur die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, aanbeveel word. Volgens De Villiers se stelsel is die Suid-Afrikaanse stamvader a. sy kinders is dan b1, b2, b3. Hulle kinders is dan weer c1,c2, c3. As daar meer as een Suid-Afrikaanse stamvader van 'n familie was, word hulle a1, a2, a3 vernoem in die volgorde waar hulle na Suid-Afrika gekom het. As daar net een Suid-Afrikaanse stamvader was, word die a gewoonlik weggelaat.

Voorbeeld:
b4c2d3 is die derde kind van die tweede kind van die vierde kind van die stamvader.
Volgens De Villiers se stelsel word elke persoon se nageslag eers volledig behandel, voordat dit na sy jonger broers en suster oorgegaan word. Dikwels word slegs die laaste letter en syfer voor die persoon se naam gebruik. Die volledige genealogiese nommer moet egter bo aan die bladsy gebruik word om dit vir die leser makliker te maak om te weet waar hy nou is.

Voorbeeld

```
RSA Genealogie numbering

a Progenitor
  b1 Child
     c1 Grandchild
        d1 Great-grandchild
        d2 Great-grandchild
     c2 Grandchild
     c3 Grandchild
  b2 Child
     c1 Grandchild
        d1 Great-grandchild
        d2 Great-grandchild
        d3 Great-grandchild
     c2 Grandchild
     c3 Grandchild
```

As ons dan die gebruik toepas op ons eie stamboom waar a die stamvader is, in hierdie geval Meijndert van Eyk, maak ons die volgende bevindinge:
Hy het 6 kinders gehad-b1 tot b6. Die c, d, e en f tussenin is die stamvader se kleinkinders, agterkleinkinders en groot agterkleinkinders.

Die dogters wat uit enige huwelik gebore is, word genoem, maar sou daar kinders wees uit die dogter se huwelik, word hulle nie deel van die stamboom nie. Hulle verskyn in die man se stamboom. Byvoorbeeld: b1 Maria Johanna wat met ’n Gerrard en ’n Chaplin getroud was, se kinders sal saam met haar in die Gerrard en Chaplin stamboom verskyn.

Ons oupa sal derhalwe ’n nasaat wees van een van die volgende seuns; b2; b3; b4. Die ander b’s 1;5;6 is dogters. My navorsing toon dan aan, dat ons van b4 afstam.

Die geel dui ons van Eyk stamlyn aan, vanaf die stamvader tot by ons kleinkinders, wat ek met my navorsingnotas saamgestel het.

a Meijndert VAN EYK 1742 - 1798
+Helena Johanna VAN EYK [Leendersz]
b1 Maria Johanna GERRARD and CHAPLIN [VAN EYK]
b2 Jan Hendrik VAN EYK
b3 Meyndert Jacob VAN EYK
b4 Daniel Wilhelm Hendrik Philip VAN EYK 1786 – 1837
+Johanna Margaretha VAN EYK [PRENGER]
c1 Daniel Hendrik Philip VAN EYK
+Anna Frederika VAN EYK [BERNING]
c2 Myndert Jacob VAN EYK 1809 – onbekend
+Barbara Louisa VAN EYK [Rosscher]
d1 Johanna Margaretha Dorothea Wilhelmina BLACK [VAN EYK]
d2 Louisa Josina ALDRED [VAN EYK]
d3 Johanna Elizabeth BEER [VAN EYK]
d4 Daniel Wilhelm VAN EYK (oupagrootjie) 1839 – 1919
+Johanna Hendrina Carolina VAN EYK [STOEDER]
e1 Daniel Wilhelm VAN EYK (Oupa) 1869 – 1926
+Catharina Salomina VAN EYK [STOEDER]
f1 Daniel Wilhelm VAN EYK 1903 – 1965
+Susanna Mostert VAN EYK [LANDMAN]
g1 Daniel Wilhelm VAN EYK 1935 – 2000
+Elise VAN EYK [WEPENER]
h1 Eugene VAN EYK 1960
+Elfra VAN EYK [GRABE]
i1 Nicolette VAN EYK 1982
+Rita VAN EYK [VAN DEN BROM]
i2 Kim VAN EYK 1989
+Ilse VAN EYK [SMIT]

h2 Deon VAN EYK 1963
+Martina Wessel VAN EYK [VAN DER MERWE]
i1 Quinton VAN EYK 1989
i2 Tanya van EYK 1993
h3 Anton VAN EYK 1974 - 1974
g2 Johannes Christoffel VAN EYK 1938
+Mari VAN EYK [VAN ZYL]
h1 Francois VAN EYK 1969 - 1996
h2 Louis Kobus VAN EYK 1972
+Jennifer Cathrine VAN EYK [DE FREITAS]
i1 Francois VAN EYK jnr 2001
i2 Megan VAN EYK 2005
g3 Elza Catharina VAN EYK 1942
+Nicolaas Alec William KAPP
g4 Karel VAN EYK 1947
+Johanna Dorethea Wilhelmina VAN EYK [MILLARD]
h1 Riaan VAN EYK 1973
+Claudia Liesel VAN EYK [SADIE] [CAWALLA]
i1 Isabella VAN EYK 2011
i2 Sebastian Karel VAN EYK 2013
+Ellen VAN EYK [BENDER]
h2 Frederick Wilhelm VAN EYK 1978

f2 Johannes Hendrik VAN EYK (ons Pa se broer) 1906 - 1971
+Lenie VAN EYK [BONTHUYS]
g1 Daniel Johannes VAN EYK 1933 - 2013
+Wilhelmina Cornelia LE ROUX
h1 Linda Isabel van EIJK 1956
+Nicolaas Francois MAARTENS
h2 Josef Johannes VAN EYK 1958

g2 Louise Francis Magdalena VAN EYK c. 1935-1996
+Danie ENGELBRECHT
g3 Ruth Marian VAN EYK c. 1938-2003
+Michael John STAFFORD
g4 Cynthia Pearl VAN EYK c. 1944-2012
+Jackie OOSTHUISEN

e2 Petrus Lafras VAN EYK
e3 Cornelius Andreas VAN EYK

d5 Helena Hendrica Carolina LEBER [VAN EYK]
d6 Johan Georg VAN EYK
Myndert Jakob VAN
d7 EYK
d8 Carolina Wilhelmiena Catharina VAN EYK
d9 Roelfina Johanna HERSELMAN [VAN EYK]
d10 Kornelis Andries VAN EYK
Catharina Johanna VAN
d11 EYK

c3 Jan Bernard VAN EYK
+Petronella Jacoba VAN EYK [FERREIRA]

b5 Helena Hendrika VAN EYK
b6 Helena Johanna VAN EYK

Die onderstaande is `n afskrif vanuit die Suid Afrikaanse Geslagsregister (SAG): ´n Omvattende naslaanwerk oor die genealogiese herkoms van Afrikaanse en heelparty Engelse families in Suid-Afrika. Sommige families is tot laat agtienhonderds uitgewerk en alhoewel die inligting nie altyd volledig en korrek is nie, is dit n kosbare hulpbron tydens navorsing. Die drukstuk verwys na Meyndert van Ey(c)k en sy nasate en wys ook die gebruik van bogenoemde nommering aan.
Outeur: R.T.J. Lombard, J.A. Heese (*Sien Aangangsel: SAG Van Ey(c)k.pdf)*



gdalena Maria * 25.3.1874 ≈ 12.11.1874
Wilhelmina Johanna * 24.6.1877
* 1.10.1879 ≈ Beaufort-Wes 5.12.1879, NG
emfontein 16.11.1962 x Elizabeth Susanna LE
SABW IV)
ancoise * Klerksdorp 16.2.1915, digteres x 1937
: WESSELS
Margaretha † Springs 30.8.1984 x 1.7.1938
drik BADENHORST, prof. aan Sendinginstituut,

nnes * 31.8.1881 ≈ 2.10.1881
Petrus * 17.6.1885 ≈ 5.7.1885
n Wölflingh * Beaufort-Wes 25.9.1887
887 † Pretoria 28.4.1976, stigter van Afrikaanse
aalf-Reinet en inspekteur van skole in Oos-Kaap
ina Wilhelmina DE KLERK † 4.7.1966 xx 1969
icia Atteridge geb. WOOD (sien SABW V)
Wölfling x Connie NN

(Ebenezer) * 27.1.1891 ≈ Beaufort-Wes
professor x Frances Willard GOFORTH
s Wölfling * 25.7.1841 ≈ Beaufort-Wes
: Beaufort-Wes 1.2.1864 Maria Catharina JANSE
N. Hulle woon te Schilpadkop
ilippus * 24.6.1865 ≈ 6.8.1865
nna Elizabeth * 13.5.1869 ≈ 6.6.1869
gdalena * 11.4.1871 ≈ 4.6.1871
Maria Elizabeth (of Catharina) * 7.7.1874
t-Wes 12.11.1874 x Daniel Johannes NN
6 † 19.9.1901
s Wölfling * 4.8.1876 ≈ 10.12.1876
riel * 17.9.1879 ≈ 24.12.1879
eorgina S. * 5.2.1883 ≈ 25.3.1883
rlof Jacobus * 5.10.1885 ≈ 7.2.1886
von Wölfling * 1.12.1886 ≈ 13.2.1887
gdalena * 23.6.1842 ≈ 12.2.1843 x Prins Albert
Casper Jacobus Albertus VAN ZYL van Zeekoegat
nnes Jacobus * 4.10.1844 ≈ 3.11.1844 x Prins
1.1867 Susara Margaretha VAN ZYL
ina Sarah Petronella * 4.8.1876 ≈ Beaufort-Wes
x Beaufort-Wes 16.7.1888 Roelof Jacobus VAN
866
nnes Jacobus * 14.5.1872 ≈ 11.8.1872
nes * 6.4.1874 ≈ 12.11.1874
* 5.1.1877 ≈ 14.5.1877
garetha Elizabeth * 4.3.1879 ≈ 13.4.1879
gdalena Maria * 27.7.1881 ≈ 2.10.1881
ncois * 12.11.1883 ≈ 23.4.1884
Wilhelmina * 12.1.1886 ≈ 14.2.1886
1.6.1888 † 18.6.1888
arina * 27.11.1889 ≈ 25.2.1890
Beza * 7.9.1892 ≈ 13.11.1892
Maria Elizabeth * 22.9.1848 ≈ Beaufort-Wes
x 3.10.1868 Arie Erasmus BLOMERUS

ers en Susanna Maria Eybers was getuies by die

doop van sommige van Hendrik Philip [illegible] * E. Coertze se
kinders
Roelof Petrus Jacobus Eybers (25) x Beaufort-Wes 12.9.1893 Caroline Johanna KIESER (28)

VAN EYCK/VAN EYK

Willem van Eyck van Vleuten, Utrecht * c. 1725 a. 1755 as soldaat op die *Rooisenburg*, wamaker in 1756, burger in 1762 † Kaapstad 4.3.1802 (77) x Kaapstad 6.3.1768 Geertruyd ACKERMAN (Johannes-dg) xx Kaapstad 26.5.1795 Judith MOSTERT

b1 Maria Margaretha ≈ 30.7.1768 x Jeremias AURET ≈ 25.6.1775
b2 Susanna ≈ 28.1.1771 x 12.4.1795 George Frederik ENSLIN ≈ 19.8.1770
b3 Pieter Dirkse ≈ 16.2.1772
b4 Willem ≈ 28.11.1773
b5 Clasina Geertruy ≈ 27.8.1775 x 24.2.1799 Hendrik Nicolaas BANDEL van Flensburg
b6 Franciscus ≈ 15.8.1779
b7 Magdalena ≈ 15.8.1779
b8 Johannes Wilhelmus ≈ 31.12.1780 x Swellendam 2.11.1806 Maria Catharina MULLER * 1758 wed. v. Christoffel Botha
c1 Johannes Wilhelmus x George 25.11.1838 Anna Magdalena J. VAN RENSBURG
d1 Wilhelm Hendrik Andries Petrus * 1.8.1841 ≈ George 25.12.1842
b9 Abraham Michael ≈ 25.6.1782
b10 Maria Magdalena ≈ 14.9.1783 † 28.7.1854 x Jeremias AURET
b11 Helena Johanna ≈ 10.4.1783 † 18.2.1830 (44.10.16) x 28.12.1800 Thomas Jan BRUGGEMAN
b12 Cornelia ≈ 26.3.1786

Meyndert van Eyck a. 1767 as baasstimmerman per *Hertog van Brunswyk* vanaf Amsterdam † Kaapstad 17.5.1798 (55.6.-) x Kaapstad 24.8.1777 Helena Johanna LEENDERTSE v.d.K., bej ≈ Kaapstad 23.3.1777

b1 Maria Johanna ≈ Kaapstad 28.3.1777 x 15.4.1799 Edward GEBHARD xx Anglikaanse kerk, Kaapstad 4.12.1815 Thomas CHAPLIN
b2 Jan Hendrik ≈ Kaapstad 30.7.1780 x huwelikshof, Kaapstad 4.8.1805 Martha Johanna LEHMAN
c1 Martha Johanna ≈ 23.2.1806 x Kaapstad 21.5.1826 Henry GEBHARD van Londen
c2 Johannes Meyndert Ferdinand ≈ 19.7.1807
c3 Helena Johanna ≈ 23.10.1809
c4 Helena Johanna Catharina ≈ 27.1.1811
c5 Johanna Catharina ≈ 25.7.1813
c6 Maria Johanna * 3.10.1818 ≈ Kaapstad 25.10.1818 x Lutherse kerk 10.6.1839 Thomas Bernardus RICHARD (Rieker)
b3 Meyndert Jacob ≈ 2.2.1783 x Kaapstad 30.9.1804 Martha Catharina VAN VOLLENHOVEN † Swellendam 6.6.1872 (62.0.10) wed. v. Hendrik Hamel
c1 Meyndert Adolph Hendrik ≈ 17.5.1807 x Swellendam 28.2.1829 Anna Catharina Wilhelmina SIEBERT
d1 Anna Catharina Wilhelmina * 26.5.1829 ≈ Swellendam 28.6.1829
d2 Martha Catharina x James George Liesenbury LUYT
d3 Catharina Dolphina * 1834 x Swellendam 27.3.1854 Christiaan Gerhardus GERSBACH
d4 Hendrik Petrus * 1835 x Swellendam 26.5.1863 Catharina Helena GUNNING
e1 Anna Elizabeth * 3.1.1863 ≈ Swellendam 11.5.1863
e2 Hendrik Daniel * 1.3.1865 ≈ Swellendam 30.4.1865
d5 Myndert Johannes * 28.10.1838 ≈ Swellendam 14.7.1844 (moeder: Catharina Claasen)
d6 Anna Margaretha * 10.11.1839 ≈ Swellendam 26.10.1843
d7 Clasina Aletta Johanna * 26.6.1841 ≈ Swellendam 8.11.1846
c2 Daniel Wilhelm Christiaan ≈ 20.5.1810 x Swellendam 5.6.1854 Martha Catharina VOLLENHOVEN * 1812 (hulle kinders is gebore voor hul huwelik in 1854)
d1 Carel Bernardus en Regina WINDVOGEL is ouers van:
e1 Carel Bernardus * 22.1.1854 ≈ Swellendam 11.12.1859
e2 Regina Flora * 5.2.1856 ≈ Swellendam 11.12.1859
e3 Christina Catharina * 23.8.1859 ≈ Swellendam 23.10.1859
d2 Magdalena Wilhelmina Margaretha * 8.5.1840 ≈ Swellendam 19.4.1846 x Swellendam 4.2.1862 John ACKHURST wew. * 1827
d3 Wilhelm Daniel * 15.8.1849 ≈ Swellendam 3.4.1854
d4 Myndert Jacob * 15.6.1850 ≈ Swellendam 18.12.1854
b4 Daniel Wilhelm Hendrik Philip ≈ 29.1.1786 x Kaapstad 21.2.1808 Johanna Margaretha PRENGER
c1 Daniel Hendrik Philip * 2.7.1808 ≈ Kaapstad 17.7.1808 x Lutherse kerk 28.2.1830 Anna Frederika BERNING
c2 Meyndert Jacob * 30.9.1809 ≈ Kaapstad 8.10.1809 x Uitenhage 21.2.1833 Barbara Louisa ROSSCHER
d1 Johanna Margaretha Dorothea Wilhelmina * 1833 x Uitenhage 11.11.1852 Richard Petrus BLACK
d2 Louisa Josina * 1835 x Humansdorp 29.8.1857 William Charles ALDRED
d3 Johanna Elizabeth * 1837 x Humansdorp 13.5.1858 George BEER
d4 Daniel Wilhelm * 1840, hoedemaker x Humansdorp 3.7.1862 Johanna Hendrina Carolina STOEDER (Hendrik-dg)
d5 Hendrika Carolina x Humansdorp 8.9.1864 Moritz Carl LIEBER
d6 Roelfina Johanna x Humansdorp 16.10.1870 Christiaan Albrecht HERSELMAN
c? Jan Bernard * 6.8.1825 ≈ Uitenhage 4.9.1825, onderwyser aan Kromrivier x Humansdorp 3.6.1858 Petronella Jacoba FERREIRA
b5 Helena Hendrika ≈ 29.1.1786
b6 Helena Johanna

Ongeklassifiseer

Hendrik van Eyck x 7.10.1807 Dina Elizabeth LE ROUX

EYEN

Christiaan Eyen * Uhland, Swede 1824 x Potchefstroom 20.8.1864 Helena SALBERGEN van Kalmar, Swede * 1834

EYGELAAR/EICHLER/EIGELAAR

Coenraad Frederik Eygelaar van Leeuwarden, Wes-Friesland a. 1787 as kanonnier x Kaapstad 29.1.1797 Maria Magdalena GOUS

b1 Hester Margaretha ≈ 29.1.1797
b2 Susanna Wilhelmina ≈ 9.4.1798 x Engelse kerk, Simonstad 19.1.1824 Joseph KLYNE
b3 Andries Johannes Frederik ≈ 4.3.1801 x Wynberg 15.1.1842 Margaret KLEYN
b4 Maria Magdalena ≈ Kaapstad 1.1.1804 x Engelse kerk, Simonstad 7.2.1820 Anthonie Petrus Gilhamus VAN DER EYKEL
b5 Coenraad Frederik * 26.3.1806 ≈ Kaapstad 7.2.1808 x Kaapstad 7.10.1832 Helena Catharina Johanna Wilhelmina BRAND * 26.2.1815 d.v. Floris Johannes Wilhelmus Brand en Johanna Dorothea Gouws
c1 Maria Margaretha Magdalena * 28.7.1834 ≈ Swartland * 19.10.1834 x Piketberg 16.9.1861 Johannes Christiaan Matthys Boonzaaier THIART * c. 1836
c2 Floris Johannes Hendrik * 20.1.1837 ≈ Piketberg 8.10.1837 x Piketberg 30.1.1865 Neeltje (Cornelia) Engela Johanna VISSER * c. 1843
d1 Floris Johannes Hendrik * 2.9.1868 ≈ Piketberg 1.12.1868
d2 Johannes Frederik Hermanus * 22.11.1870
d3 Andries Johannes * 15.7.1872
d4 Hilletje Aletta Johanna * 24.3.1874
d5 Helena Johanna Catharina * 22.7.1876
d6 Neeltje Maria * 20.6.1878
d7 Maria Magdalena Margaretha * 4.6.1881
c3 Johanna Dorothea Sophia * 10.3.1839 ≈ Piketberg 15.10.1839 x Piketberg 5.10.1857 Dirk Johannes Gysbert VAN DER WESTHUIZEN * c. 1837
c4 Coenraad Frederik * Dwarskersbos 15.10.1842 ≈ Piketberg 16.4.1843 † Dwarskersbos 18.5.1888 x Piketberg 26.8.1873 Anna Cathatina Maria Dorothea THIART * c. 1848
d1 Johanna Catharina * 25.11.1873
d2 Coenraad Frederik * 15.2.1876 ≈ Piketberg 23.4.1876
d3 Helena Johanna Catharina * 22.8.1878 ≈ Piketberg 23.1.1879
d4 Maria Magdalena * 8.5.1883 ≈ 2.10.1883
d5 Marthin Johannes * 3.4.1885 ≈ Piketberg 20.9.1885
d6 Floris Johannes * 31.5.1888 ≈ 27.1.1889
d7 Klein oorlede
Volgens die doopregister is die tweeling d6 en d7 op 3.4.1888 gebore, maar volgens die sterfkennis van hul vader (wat 'n ouer dokument is) is hulle op 31.5.1888 gebore. d7 word in die sterfkennis vermeld, maar kom nie in die doopregister voor nie.
c5 Andries Petrus (Johannes) * 23.5.1844 ≈ Piketberg 28.7.1844 x Piketberg 1.2.1864 Alida Hendrika Petronella BOONZAAIER * c. 1841
d1 Coenraad Frederik * 17.11.1864 ≈ Piketberg 17.9.1865

5. VERNOEMINGS GEBRUIKE

Bron: Inleidende Opleidingskursus in Genealogie Navorsing Oktober 2011

Ons voorouers het die taak van hedendaagse genealoë vergemaklik deur in die meeste gevalle een vaste patroon te volg wanneer dit by die naamgewing van hulle kinders gekom het. Die volgende patroon is feitlik deurgaans by Afrikaanse gesinne (en ook Skotse vanne) gevind:

Oudste seun:	oupa aan vaderskant
Tweede seun:	oupa aan moederskant
Derde seun:	vader
Vierde seun:	vader se oudste broer
Vyfde seun:	moeder se oudste broer
Oudste dogter:	ouma aan moederskant
Tweede:	ouma aan vaderskant
Dogter: Derde	moeder
Dogter: Vierde	moeder se oudste suster
Dogter: Vyfde	vader se oudste suster

Die patroon is soms gewysig wanneer dieselfde name by twee persone voorgekom het, soos dikwels gebeur het as gevolg van ondertrouery, of as ’n baba ongedoop, oorlede is.
In die laaste geval is die vaste patroon dan wel gevolg maar dit sal vir die navorser voorkom of ’n naam uitgelaat is.

6. FAMILIEWAPENS

Daar verskyn talle voorbeelde van dié van Eyk familiewapens op die internet. Oorkoepelend is die eikeboom. Ek het self een wat hier êrens rondlê wat ek by ’n vlooimark gekoop het. Die korrektheid- en my reg tot gebruik daarvan word sterk betwyfel, wanneer ek na die onderstaande artikels verwys.

’n Uittreksel uit die kursusnotas van Daniel Jacobs lewer die kommentaar:
Een van die grondbeginsels van die heraldiek van die Europese vasteland, waarvandaan die meeste van die blanke Afrikaners se voorouers kom, en wat internasionaal en oor eeue heen aanvaar is, is dat ’n spesifieke wapen net gebruik mag word deur een individu. Die hele gedagte was dat dit ’n stelsel van persoonlike uitkenning moes wees. Daar bestaan binne hierdie tradisie dus nie so iets soos ’n wapen vir ’n hele familie nie. Ná die pa se dood, mag sy oudste seun sy wapen oorneem. Tydens sy pa se leeftyd mag die seun slegs sy pa se wapen gebruik, nadat ’n spesiale merk op die wapen aangebring is, wat dan verwyder word ná die pa se dood.
As die tweede oudste seun ook ’n wapen wil hê, moet hy sy eie laat ontwerp. Dit kan gedoen word deur die aanbring van ’n wesenlike verandering aan sy pa se wapen. Die wapen kan dan ná *sy* afsterwe, weer deur *sy* oudste seun gebruik word, en dan ad infinitum van oudste seun na oudste seun oorgedra word.
Dogters kan ook hul eie wapens laat ontwerp.

Namate daar gedurende die vorige eeu ’n toenemende belangstelling in familiewapens by Afrikaners ontstaan het, het baie mense bestaande wapens oorgeneem sonder dat hulle aanspraak daarop gehad het. Só bv. sou ’n Gous die wapen van ’n ou Gous-familie in Frankryk opspoor, en dan die wapen as sy eie aanvaar sonder om eers navorsing te doen, om vas te stel of hy daarop geregtig is om die wapen te gebruik.



Eikeblaar en akkers

7. BRONNE EN HULPMIDDELS

Hier volg 'n kort beskrywing van die navorsingsbronne wat gebruik is in hierdie projek en die afkortings wat gebruik word:

Doop, huwelik en lidmaatregister	GISA
Sterfkennis, testament, boedelrekening	NAAIRS
Doop, huwelik en sterfkennis	LDS (Church of the Latter Day Saints)
Begraafplase (foto van grafte)	eGGSA
Uitruil van genealogiese inligting	http://www.sagenealogie.com/
Grond, plase ens	Akteskantore, Landmeter Generaal
Naslaanwerk oor die genealogiese Geslagsregisterherkoms van families in Suid Afrika	SAG

Genealogiese Instituut van Suid Afrika (GISA)
Webwerf http://www.gisa.org.za
Adres Banghoekweg 115, Stellenbosch

- Doop, huwelik en lidmaatregister van NG Kerke asook die ander Gereformeerde en Hervormde kerke wat op mikrofilm vasgelê is kan hier besigtig word en afskrifte van gemaak word. Daar is 'n fooi aan verbonde.
- Daar is ook 'n naslaan biblioteek.
- As jy na die webwerf gaan, verwys na die indeks aan die linkerkant; gaan na e-winkel individuele vanne. Hier kan jy soek vir familieregisters op GISA se databasis wat alreeds nagevors is; ek dink individue skenk dit aan hulle, wat jy dan kan aankoop. Dit kan jou baie tyd bespaar. Daar is 'n beperkte aantal gratis individuele vanne; sien onder gratis inligting.
- GISA onderhou ook die boekereeks Die Suid Afrikaanse Genealogie (SAG). Dit is juis GISA wat tans die reeks opdateer. Ek lees ook dat daar nou 'n nuwe reeks boeke verskyn: SAF (Suid Afrikaanse Families) Ek dink dit is die elektroniese weergawe van SAG.

NATIONAL ARCHIVES (NAAIRS)
Webwerf http://national.archives.gov.za/naairs.htm

- Dokumente wat by die verskillende Argiefbewaarplekke gehou word sluit in boedellêers wat vanaf die Meesterskantore oorgeplaas is. So 'n leêr bestaan uit; Sterfkennis, testament, boedelrekening en korrespondensie rakende die persoon. Tesame met die hoofinligting (sien GISA) is hierdie die genealogie navorser se basiese dokumente wat hy gebruik om sy familie na te vors. Hierdie argiefdokumente is dan die oorspronklike dokument wat verband hou met ons stamvaders en hul nasate vanaf hulle aankoms in die Kaap.
- Daar is argiewe in Kaapstad (Kaap Provinsie), Pretoria (Transvaal), Bloemfontein (Vrystaat) en een in KZN
- Gevolglik sal jy jou stamvader en 'n geslag of twee daarna, wat in die Kaapprovinsie tot sterwe gekom het, in die Kaap se argiewe opspoor. As jou oupagrootjie in die Transvaal oorlede is, sal jy hom dan opspoor in Transvaal se argiewe.
- Daar is 'n soekfunksie op NAAIRS om al die argiewe te raadpleeg as jy nie seker is in watter provinsie 'n sekere familielid oorlede is nie.

- Onlangse sterftes (boedellêers), seker so ver terug as 30/50 jaar word nog by die Meesterskantoor in elke provinsie gehou.
- NAAIRS se indekse is beskikbaar op die internet. Met ander woorde jy kan soek vir ’n sterfkennis, testament of boedelrekening vanaf 1652 tot omtrent 1950. en met die verwysingsnommer, kan jy na die argief gaan om die dokument te besigtig of jy kan iemand aanstel teen ’n fooi, om dit vir jou te doen.

CHURCH OF JESUS CHRIST OF LATTER DAY SAINTS (LDS)

Members of the Church of Jesus Christ of Latter-day Saints, usually referred to as Mormons, place great emphasis on genealogical research. This is because their Church doctrine states that "saving ordinances" (including baptism, confirmation, endowment, and sealing-marriage) must be made available to every individual who has ever lived. To make these ordinances available to people who did not have the opportunity while living, Mormons identify their ancestors and arrange for baptism and other ordinances to be performed for them by proxy—that is, with a living person standing in for the deceased person—in a temple. Often referred to as temple work, this search for ancestors is an important part of the Mormon faith.

Die eerste Familiegeskiedenis biblioteek is in 1894 in Salt Lake City in Utah gestig. Dit is tans die grootste genealogiese biblioteek ter wêreld. Die biblioteek is veral bekend vir sy versameling van baie miljoene mikrorolle van dokumente, van dwarsoor die wêreld.
Die Familiegeskiedenis sentrum biblioteke in Suid Afrika het afskrifte van die belangrikste katalogusse en indekse op mikrofiche, wat andersins, beskikbaar is in ons Argiewe. Hulle het ook ander hulpmiddels, soos boeke en navorsing wat deur hulle lede gedoen is.
Ek het hoofsaaklik gebruik gemaak van mikrofilms waarop Suid Afrikaanse doop, huwelik en sterfkennisse vasgelê is.
Ek het die fasiliteite van die kerk gebruik wat in Parktown, Johannesburg geleë is.

eGGSA
http://www.eggsa.org/

Verskaf waardevolle inligting van grafskrifte en begraafplaasregisters. Tans is ’n projek aan die gang om foto’s van grafte te neem, en te indekseer om dit op hul webwerf te plaas.

GESPREKSFORUM
http://www.sagenealogie.com/

Uitruil van genealogiese inligting*: SAGenealogie is 'n Suid-Afrikaanse gespreksgroep met Afrikaans as voertaal, met genealoë rondom die aardbol wat wissel van beginners tot gesoute en selfs professionele navorsers in sy geledere. Dit stel genealoë enersyds in staat om genealogiese inligting met mekaar te bespreek en uit te ruil, en andersyds die bevordering van Suid-Afrikaanse genealogie in die algemeen. Enigeen is welkom om navrae in ander tale as Afrikaans aan die Moderator by sagenealogie@mweb.co.za te stuur. Lidmaatskap word gemodereer.*

MYHERITAGE.COM

- Dan is daar myheritage.com, waar jy ’n program kan aflaai, om jou stamboom te bou en dit met familie te deel. Hier is ’n koste aan verbonde…iets soos R500 pj subskripsie. Dit is die program wat ek gekies om my navorsing mee te doen.
- “The Complete Genealogy Reporter". Nigel Bufton Software, under license to MyHeritage.com Family Tree Builder.
- Daar is wel nog ander webwerwe wat dieselfde dienste lewer.

ALLERLEI

- Daar sal ook programme wees wat jy verniet kan aflaai, om sodoende jou stamboom op te stel, maar sal heel waarskynlik nie elektronies beskikbaar wees nie.
- Daar is ook kieserslyste wat beskikbaar is, en gebruik kan word vir navorsing.
- Foto’s speel ’n groot rol in ’n navorser se werk.
- Akteskantore; Landmeter Generaal vir informasie oor grond, plase ens.
- Google. Jy kan natuurlik soekwoorde insit sit soos: Geneology… of Family tree…
- Biblioteek. Ons biblioteke is vol boeke wat handel oor genealogie, Geskiedenis, die Britte, ou families in RSA, Anglo Boere Oorlog, Die Groottrek en nog vele meer. Dan is dit nog lekker leesstof, ter aanvulling van enige navorsing wat gedoen word.
  Ek noem net `n paar boeke wat gerig is op genealogiese navorsing;
  Die Herkoms van die Afrikaner 1657 – 1867 J A Heese
  Geslagregister van die ou Kaapse families – C C de Villiers en aangevul deur C Pama
  Die groot Afrikaanse familiestamboek – C Pama
  SA Geslagregister opgestel deur J A Heese en R T J Lombard en bygewerk deur GISA
  My nuutste aankope was Geskiedenis van Suid Afrika. Redakteur Fransjohan Pretorius.
  Hoogs aan te beveel as jy meer van ons geskiedenis ‘van voortye tot vandag’, wil lees.

THE GENEALOGICAL SOCIETY OF SOUTH AFRICA
Bietjie agtergrond leesstof.
http://www.genza.org.za/

HANDLEIDING VIR FAMILIENAVORSING
Oktober2010 Samesteller:
Daniel Jacobs
Die handleiding bevat kursusnotas en dek alle denkbare navorsingsbron en vele meer en Daniel Jacobs deel al sy kennis van baie jare se navorsing met ons.

SUID-AFRIKAANSE GESLAGREGISTER/ SOUTH AFRICAN GENEALOGIE (SAG)
Bevat omvattende naslaanwerk, oor die genealogiese herkoms van Afrikaanse en heelparty Engelse families in Suid-Afrika. Met die verskyning van hierdie teks word 'n mylpaal in Suid-Afrikaanse families tot minstens 1830 aangevul, terwyl dit ook 'n aantal nuwe Afrikaanse sowel as Engelse stamvaders insluit.
Skrywers:
R.T.J. Lombard, J.A. Heese
Word bygewerk deur GISA

8. ARTIKELS

HOE SEKER IS JY DAT JY 100% WIT IS?

Bylae Beeld: Saterdag 29 Maart 2008
Outeur: Jaco Greef
Deur kerkregisters te bestudeer, het die genealoog dr. Johannes A. Heese al in die 1970's aangedui dat Afrikaners sowat 7% nie-blank is.
Hierdie nie-blanke bloed, kom hoofsaaklik van slavinne wat met Europese mans getrou het. Daar was baie meer Europese mans aan die Kaap as vroue, en blank en nie-blank het mekaar "uitgehelp". Die mans moes die slavinne van die VOC koop en die vroue het só hul vryheid verkry. Op dié manier het die slavinne 'n blywende invloed op ons Afrikanerkultuur en -gene gehad.
Dié persentasie stem goed ooreen met Heese se berekeninge, en is die resultaat van 'n vrou van China en slavinne van Guinee, Madagaskar en Indië of wat hier in die Kaap gebore is: Anna van Guinee, Catharina Opklim van Bengale, Helena van Malabar, Diana van Madagaskar, Ansela van Kaap....
Omdat die lyne na slawevoorouers so ver terugloop, is die kanse dat alle Afrikaners 'n merkbare verwantskap met nie-blanke slavinne het, baie groot.
Afrikaners is almal 'n gesonde mengelmoes van nasies en rasse. Dit behoort vir ons Afrikaners maklik te wees om die idee van 'n reënboognasie na te leef, want elkeen van ons weerspieël dit.

DIE STORIE VAN JOU VAN

Bylae Beeld: Saterdag 27.8.2011
Outeur: Christo Viljoen

Dit is vandeesmaand presies 200 jaar sedert Napoleon ná sy besetting van Nederland in 1810, bepaal het dat dié Nederlanders wat nog nie beskik het oor 'n familienaam of "achternaam", nie, een moet kies en laat registreer. Dit was sedert die 13de eeu al in Frankryk die geval
Tot in dié stadium is die familienaam in Nederland dikwels nie van geslag tot geslag oorgedra nie, en het die seun van Jan byvoorbeeld as Janzoon (vandag Jansen) bekend gestaan. Dit was voorbeelde van "patronieme". In ander gevalle is "toponieme" gebruik - dié het verwys na die omgewing waar die persoon gewoon het. Sou hy verhuis, het die naam verander. Dikwels het die persoon sy beroep ook as "agternaam" laat geld.
Baie Nederlanders het die Napoleontaanse opdrag met humor uitgevoer in 'n gees van weerbarstige uitdagendheid - en met die verwagting dat dit 'n tydelike Franse bevel was, wat spoedig in onbruik sou verval. Spotname, is in sommige gevalle as familiename geregistreer. Rotmensen, Hoogenboesem, Naaktgeboren, Zeldenthuis, Niemandsverdriet, Koevoets (koei se voet), Suikerbuik, Schooier (bedelaar), Zondervan Spring in 't Veld, Scheefnek, en selfs Poepjes oftewel, (Poepies) en Piest (vir urinering).
Sommige humoristiese name het die spot gedryf met Napoleon as die Franse keiser, en so het vanne met oordrewe aansprake van adellikheid soos Keizer, De Ridder, De Graaf en De Coning ontstaan.
Ander familiename het verwys na die beroep van die betrokke familiehoof: Visser, Brouwer, Dekker, De Boer, Dijkman, De Kokk, Koopman, Schilder Kuipers. Ander het weer verwys na fisieke eienskappe: De Korte, De Lange, De Groot, Klein en selfs diername soos Schaap en Vink.
In baie gevalle verwys die familienaam na die plek of omgewing van herkoms, dus Van der Merwe, Van der Meer, van der Meulen, van der Velde.
Toe die Nederlander die Franse ná sewe jaar verdryf het, moes hulle tot hul ontnugtering besef geregistreerde familiename was steeds van krag.
Interessant genoeg het Nederlandse koloniste wat hulle 'n eeu en 'n half voor Napoleon se bevel aan die Kaap van Goeie Hoop gevestig het, wel familiename (in baie gevalle patronieme) gebruik. Dié gebruik is versterk toe die Hugenote, by wie Familiename 'n gevestigde Franse gebruik was, in 1688-1689 in groter getalle na die Kaap gevlug het.
